| 3.2 | Die dolfyne |
|---|---|



Scanned with CamScan

1

Die kinders kyk na die mooi dolfyne. Die dolfyne speel met 'n bal. Wim gee vir hulle vis om te eet. Hulle kyk na die walvis. Die walvis vang die vis. "Ag nee!" sê hulle.

Scanned with CamScan

Flappie slaap in die sand. Vlooi hardloop na Flappie. Hy wil vir Flappie vang. Flappie word kwaad en stamp vir Vlooi om. Vlooi en Flappie baklei.



Scanned with CamScanner

3

Pappa en Mamma loop op en af. Hulle kyk na Biebie en Kalla. Biebie en Kalla speel in die sand. Hulle maak 'n sandkasteel. Pappa en Mamma wil die kinders vang.



Scanned with CamScan

Biebie sê: "Kyk Mamma, Pappa en Vlooi gaan loop." Vlooi wil 'n Flappie hê. Pappa gaan vir Vlooi 'n Flappie koop. Vlooi se Flappie hardloop op en af.

Scanned with CamScan

# 5

Dit is 'n nuwe dag. Pappa speel met Kalla. Mamma vang vir Biebie. Vlooi hardloop weg van Flappie. Almal speel en lag.





Scanned with CamScan

6

Pappa en Mamma wil hê die kinders moet gaan slaap. Die kinders wil net speel en speel. Pappa en Mamma word kwaad en baklei met die kinders. Die kinders was vir hulle en gaan slaap.

Scanned with CamScan

Biebie, Kalla en Vlooi sien 'n perd. Hulle wil die perd vang. Biebie en Kalla hardloop na die perd en vang haar. Hulle sit vir Vlooi op die perd. Die perd loop op en af, op en af met Vlooi.



Scanned with CamScanner

Kalla, Biebie en Flappie loop op die sand. Hulle wil in die water gaan speel. Kalla vang Biebie en stamp haar in die water. Flappie blaf en blaf. Die kinders hardloop huis toe.



Scanned with CamScan

Flappie sien 'n kat. Hy blaf en blaf en blaf. Die kat sien vir Flappie en hardloop tot op 'n tak. Daar gaan sit hy en wag dat Flappie weg loop. Flappie is baie kwaad vir die kat.



Scanned with CamScanner

10

Biebie, Kalla en Vlooi wil 'n bal hê. Pappa koop vir hulle 'n nuwe bal. Die kinders speel en hardloop met hulle bal. Daar val die bal in die water.



Scanned with CamScan